# Redaksionele voorwoord

Die huidige jaargang van *Acta Academica* is die eerste (van vele word gehoop) wat deur deur die nuutgestigte SUN MEDIA Bloemfontein uitgegee word. Hulle vervang die UV Publikasiediens wat voorheen bladuitleg- en uitgewersfunksies vir UV redaksies verrig het. Probleme wat tydens hierdie verskuiwing te voorskyn mag tree word op lopende basis opgelos, terwyl nuwe moontlikhede en funksionaliteite ook ontgin word.

’n Probleem wat in die vorige uitgawe van *Acta Academica*, 41(1) van 2009, opgeduik het, kom voor in die gedrukte weergawe van die tydskrif, naamlik die verlies van die voetnote van die eerste artikel — J C van der Merwe se “Making room for more games: metaphilosophical typology and the problem of African philosophy”. Hierdie *Erratum* is te wyte aan ’n defektiewe oordrag van die teks tussen twee rekenaarprogramme. In konsultasie met die outeur is besluit om nie die artikel in geheel in die tweede uitgawe van vanjaar te herdruk nie, maar om eerder die korrekte artikel onmiddellik beskikbaar te stel in die elektroniese weergawe van die tydskrif.

Laasgenoemde is een van die opwindende nuwe voordele wat SMB as uitgewery bied. Lesers sal opmerk dat die titelblad van elke artikel nou ’n internetskakel na die UV webwerf bevat. ’n Verskeidenheid van inligting vir outeurs en lesers is beskikbaar by hierdie webblad van *Acta Academica*. Elke artikel in elke uitgawe van die tydskrif is hier onmiddellik beskikbaar in *Open Access* formaat. Uitgawes ouer as 2006 kan deur middel van die die *Sabinet Online*-skakel gevind word.

# Editorial preface

This volume of *Acta Academica* is the first (of many, it is hoped) to be published by the recently launched SUN MeDIA Bloemfontein. They replace the UFS Publication Service which used to facilitate layout and publishing functions for UFS editorial boards. Problems that may arise in the course of this change are resolved as they manifest themselves; at the same time new prospects and functionalities are also being explored.

A problem occurred in the previous issue of *Acta Academica*, 41(1) of 2009. We lost the footnotes of the first article in the printed version of the journal — J C van der Merwe's "Making room for more games: metaphilosophical typology and the problem of African philosophy". This *Erratum* was caused by to a defective tranfer of the text between two software programmes. In consultation with the author it was decided not to republish the whole of the article in the second issue of this year, but rather to immediately make available the correct version of the article in the electronic version of the journal.

This represents ont of the exciting advantages of using SMB as the journal's publisher. Readers will notice that the title page of each article now displays an internet link to the UFS website. Various items of information have been made available for prospective authors and readers on the *Acta Academica* webpage. Here each article in each issue of the journal is immediately accessible in *Open Access* format. Issues before 2006 can be accessed by following the *Sabinet Online* link.